# 2 November 2023 - Lesing 165 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Gevare van spiritistiese ontvangste **–** 5/10/60

NO: 7720 En steeds weer spoor Ek julle aan tot liefde, omdat slegs deur die liefde die gees in julle tot lewe gewek kan word, sodat hy homself nou ook kan uiter.

Want julle moet weet dat die uiting van die gees van ongelooflike waarde vir julle is, **omdat julle dan My woord ontvang in alle suiwerheid, omdat Ek julle dan Self deur die Gees kan aanspreek.**

Julle moet weet dat die liefde geestelike kragte in julle in werking stel wat julle vanaf die allereerste begin besit het, maar dat dit in julle bedek lê sedert julle vroeëre afval van My. Hoe meer julle nou toeneem in die liefde, des te meer ontplooi die geestelike kragte hulleself en julle wese verander weer in die oerwese wat julle was in die allereerste begin, toe julle nog My ewebeelde was, hoogs volmaakte wesens, wat net soos Ek kon skep en formeer tot jul eie geluksaligheid.

**Hierdie liefde het julle vrywillig opgegee**. Die liefde sal julle weer vrywillig na moet strewe, julle sal julleself vir die aanstraling van My Liefde moet open en dan sal My Gees julle weer binnestroom en **alle vroeëre vermoëns ontwaak tot lewe in julle** en julle sal nou weer 'n lewendige geestelike uitwisseling met My hê.

Maar Ek wil julle ook laat weet dat My teenstander **op dieselfde wyse** op julle probeer inwerk en hy homself ook deur julle sou wil uiter en dat hy dit kan doen, indien julle julleself willoos aan hom oorgee. **Dan kan hy besit neem van julle en sy wil op julle oordra en dan sal julle ook kan spreek,** - die inhoud van dit wat julle spreek sal slegs 'n **warboel van gedagtes** wees, wat sorg dat alle helderheid ontbreek en **julle sal niks daaruit wen nie.**

En daarom waarsku Ek julle ernstig, om nie in swakheid van julle wil, **julleself aan geestelike kragte toe te vertrou wat julle misbruik nie**. Ek waarsku julle teen **spiritistiese ontvangste**, **wat julle dikwels nie uit mekaar sal kan onderskei nie**, wat egter steeds 'n gevaar beteken, wat nie as die werksaamheid van die gees te bestempel is nie, veeleer as slegs mededelinge uit die geestelike wêreld waarvan die sfere heel verskillend is en **maar selde suiwer waarheid waarborg.**

Ook mense wat nog ver verwyder is van die liefde kan spiritistiese ontvangste kry, want sodra hulle hulself in hul wilswakte aan 'n geestelike krag oorlewer, word hulle dan ook in besit geneem deur **geeste uit die lae vlakke** en hulle bied dan geen weerstand wanneer hierdie geeste na hulle kom nie.

**Maar wie die liefde in homself ontsteek het**, bring nou vanself die verbinding tot stand tussen **sy geesvonk en My, die Vadergees van ewigheid.** En hierdie mens kan maar net waarheid uitdeel, want hy ontvang in waarheid My Woord, **en hy sal regstreeks deur My aangespreek word en kan slegs in die waarheid onderrig word**. En Ek sou julle almal graag wil aanspreek deur die woord, **dat julle nie alle geeste moet glo nie,** dat julle julleself tot **My Self** moet wend en steeds net moet vra om die waarheid.

Julle moet geen vrae stel nie, julle moet nie wil weet wat My Wysheid vir julle verborge hou nie, julle moet die geeste nie om aardse dinge vra nie. Julle moet maar net altyd vol vertroue **na My toe kom** en al julle verlangens aan My voorlê en Ek sal julle waarlik antwoord deur die hart, as julle slegs op julle gedagtes let, op die aandrang in julle innerlike en julle wil.

Ek spreek dan deur julle hart tot julle en julle het waarlik die **raadgewing van die geeste nie nodig** van wie julle nie weet van welke sfeer hulle deel uitmaak nie, want hulle vermom hulleself goed en julle sal hulle dikwels **as goeie geeste beskou**, terwyl hulle in waarheid maar net **verwarring aanrig** en probeer om die mense van die regstreekse verkeer met hul Vader van ewigheid af te hou.

En Ek wil tog so graag met My kinders spreek, maar Ek kan dit alleen doen wanneer julle julleself tot liefde omvorm, **omdat liefde haarself maar net weer teenoor liefde kan uiter**. Kom daarom almal regstreeks na My toe en wanneer julle julleself maar innig met My verbind het en oplettend luister, sal julle My ook Self verneem in julle, julle sal tweegesprekke met My kan hou en in alle duidelikheid sal probleme vir julle opgelos word wat julle My vertroulik voorlê. En wanneer julle nou 'n lewe in liefde lei, **sal My stem homself steeds duideliker in julle uiter**, omdat die geesvonk in julle deur My Vadergees van ewigheid aangespreek word en Hom nou duidelik verneembaar aan julle laat hoor. Maar glo nie dat julle op omweë My aanspreking kan verneem as die liefde nog nie in julle is nie.

**Die werksaamheid van die gees en spiritistiese ontvangste moet van mekaar onderskei word**. Daar is wel 'n geestelike krag aan die werk, maar soos lig en duisternis bestaan, so sal ook steeds die kragte van die lig teen die duistere kragte stry.

**Maar lig is daar waar liefde is** en dus is slegs die liefde bepalend vir die **graad van die waarheid** wat die geestelike mededeling ten grondslag lê. En die liefde kom van Myself, Wie die ewige Liefde is. **Die liefde verset haar teen uitlatings wat nie van die ewige Liefde Self kom nie**. En die ewige Liefde wil in direkte verbinding staan met julle. Ek wil deur julle aangespreek word, sodat Ek Myself ook teenoor julle kan uiter. En dit is die "**werksaamheid van My Gees**" in julle wat Ek vantevore aangekondig het met die woorde: "*Ek sal julle die Trooster stuur, die Gees van die Waarheid*". Die liefde is alles en slegs deur die liefde verbind julle julleself met My. En hierdie liefde wil Ek van julle ondervind en waarlik, julle sal in alle waarheid ingelei word. Amein.